higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

28 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die aangehegte ANTWOORDBOEK.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon AL jou berekeninge.
5. Jy mag GEEN bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
6. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	TYD
AFDELING A			**MINUTE**
1	Kortvrae	30	27
2	Berekeningsvrae	30	27
AFDELING B			
3	Aansuiwerings	40	36
4	Wins en verlies	30	27
5	Finansiële state	50	45
6	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18
		200	**180**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 State wat gebruik word om 'n onderneming se finansiële prestasie te bepaal:

A Balansstaat
B Kontantvloeistaat
C Inkomstestaat
D Proefbalans

1.1.2 Water en elektrisiteit wat steeds aan die einde van 'n finansiële tydperk uitstaande is, word ... genoem.

A inkomste vooruit ontvang
B opgelope inkomste
C 'n voorafbetaalde uitgawe
D 'n opgelope uitgawe

1.1.3 Die volgende inligting verskyn in Bala Bala Traders se boeke op 31 Januarie 2018:

- Handelsvoorraad volgens die proefbalans – R123 800
- Handelsvoorraad volgens die werklike voorraadopname – R123 000

Die bedrag wat as handelsvoorraadtekort in die inkomstestaat geboekstaaf word, is ...

A R123 800.
B R123 000.
C R800.
D R246 800.

1.1.4 Raadpleeg VRAAG 1.1.3 om vas te stel watter bedrag in die voorraadaantekening by die balansstaat opgeteken moet word. Die bedrag is ...

A R123 800.
B R123 000.
C R800.
D R246 800.

Kopiereg voorbehou

1.1.5 Kleinkas word as 'n ... geklassifiseer.

A niebedryfsbate
B bedryfslas
C bedryfsbate
D uitgawe

(5 × 1) (5)

1.2

Die Dig Pink-aksie hou sy jaarlikse vlugbaltoernooi by UKZN se binnenshuise arena op 31 Desember 2018. Die inkomste tydens die toernooi is van die volgende afkomstig:

- Die verkope van handelsmerkklere
- Skenkings
- Huurgeld van die stalletjies

Die verkope van handelsmerkklere by die toernooi:

BESKRYWING VAN KLERE	VERKOPE
Mans oor 40	R12 000
Vroue oor 35	R5 000
Juniormansklere	R4 000
Juniorvroueklere	R3 500
Totale verkope	R24 500

- Die prys van die mansklere word teen 60% op die kosprys verhoog.
- Die prys van die vroueklere word teen 25% op die kosprys verhoog.

Ander inkomste:

- Skenkings – R23 800
- Huurgeld van stalletjies – R1 500

Ander uitgawes:

- Huurgeld per dag – R2 000 (arena word 3 dae lank gebruik)
- Skoonmakers per dag – R600 (4 dae lank aangestel)
- Verversings – R3 200
- Ander – R6 600

Kopiereg voorbehou

1.2.1 Gebruik die inligting hier onder om die volgende te bereken. Toon AL jou berekeninge en rond jou antwoorde af tot die naaste heelgetal.

(a) Totale koste van verkope (6)

(b) Bruto wins (2)

(c) Totale ander inkomste (3)

(d) Bruto inkomste (2)

(e) Totale ander uitgawes (6)

(f) Netto wins/verlies (3)

1.2.2 Na watter rekening word AL die ander uitgawes aan die einde van die finansiële jaar afgesluit? (1)

1.2.3 Die Dig Pink-aksie het die afgelope twee jaar lank nie 'n inkomstestaat opgestel nie.

Verduidelik kortliks die doel van 'n inkomstestaat aan die organisasie. (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Hier onder is 'n uittreksel uit die vooraansuiweringsproefbalans uit Aluminium Master se boeke op 30 November 2018, die einde van sy finansiële jaar.

	DEBITEER	KREDITEER
Kapitaal		R200 000
Onttrekkings	R6 800	
Handelsvoorraad	R26 500	
Krediteurekontrole		R36 800
Opgelope inkomste	R3 100	
Opgelope uitgawes		R1 800
Voorafbetaalde uitgawe (versekering)	R1 450	
Inkomste vooruit ontvang		R2 020
Eiendomsbelasting en diensgelde	R23 500	

Die netto verlies vir die jaar bedra R15 870 voordat enige aansuiwerings hier onder, wat nog NIE in die onderneming se boeke geboekstaaf is nie, in berekening gebring is.

- Die eienaar verhoog sy kapitaal tot R250 000 op die laaste dag van die finansiële jaar.
- Die eienaar neem voorraad met 'n verkoopsprys van R6 000 (kosprys is R2 640) vir persoonlike gebruik.
- Die eiendomsbelasting en diensgelde vir Oktober en November 2018 is steeds verskuldig

Kopiereg voorbehou

Beantwoord die volgende vrae en toon AL jou bewerkinge:

2.1.1 Bereken die bedrag ten opsigte van voorraad wat op 30 November 2018 op die balansstaat verskyn. (2)

2.1.2 Watter bedrag moet ten opsigte van eiendomsbelasting en diensgelde op 30 November 2018 in die inkomstestaat geboekstaaf word? (3)

2.1.3 Bereken die netto wins/verlies nadat die aansuiwerings in berekening gebring is. (2)

2.1.4 Toon die inskrywing in die algemene joernaal om die wins/verlies, wat in VRAAG 2.1.3 hier bo bereken is, te boekstaaf. (2)

2.1.5 In watter aantekening by die balansstaat word inkomste vooruit ontvang opgeteken? (1)

2.1.6 Voltooi die aantekening by die balansstaat waarin inkomste vooruit ontvang opgeteken word. (4)

2.1.7 Toon die uitwerking wat die voorafbetaalde versekering op die rekeningkundige vergelyking het. (2)

2.1.8 Bereken die onttrekkings wat in die balansstaat moet verskyn. (2)

2.1.9 Voltooi die aantekening by kapitaal in die balansstaat. (4)

2.2 Die volgende inligting kom in Rainbow Angels se boeke op 31 Oktober 2018, die einde van sy finansiële jaar, voor.

Voorraad	R26 500
Handels- en ander debiteure	R14 700
Kleinkas	R440
Los kontant	R710
Bank (Kt)	R2 310
Kapitaal	R70 000
Totale ekwiteit en laste	R220 000

Bereken die volgende op 31 Oktober 2018:

2.2.1 Totale bedryfsbates (4)

2.2.2 Totale niebedryfsbates (2)

2.2.3 Totale laste (2)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende vooraansuiweringsproefbalans is uit Phindies Dance Academy se rekords op 30 September 2018, die laaste dag van sy finansiële jaar, onttrek:

PHINDIES DANCE ACADEMY SE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 SEPTEMBER 2018

	FOL	DEBITEER		KREDITEER	
Balansstaatrekeninge-afdeling		R		R	
Kapitaal (1 Oktober 2017)	B1			400 000	00
Onttrekkings	B2	54 800	00		
Grond en geboue	B3	150 000	00		
Voertuig	B4	245 100	00		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B5			45 800	00
Toerusting	B6	89 650	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B7			15 801	00
Vaste deposito: Pear Bank (8%)	B8	100 000	00		
Handelsvoorraad	B9	50 500	00		
Bankstaat	B10	23 560	00		
Kleinkas	B11	1 200	00		
Los kontant	B12	850	00		
Debiteurekontrole	B13	36 980	00		
Lening: Paw Bank (12%)	B14			150 000	00
Krediteurekontrole	B15			35 980	00
Voorsiening vir slegte skuld	B16			5 080	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			445 322	00
Koste van verkope	N2	215 408	00		
Debiteurekortings	N3	8 600	00		
Reklame	N4	18 045	00		
Skoonmakers	N5	6 980	00		
Rekenaaruitgawes	N6	12 705	00		
Rente op lening	N7	8 064	00		
Verpakking	N8	2 980	00		
Eiendomsbelasting en diensgelde	N9	14 008	00		
Slegte skuld	N10	1 907	00		
Salarisse en lone	N11	23 053	00		
Personeelopleiding	N12	12 999	00		
Personeelopleidingsterugbetaling	N13			7 971	00
Water en elektrisiteit	N14	28 565	00		
		1 105 954	00	1 105 954	00

Kopiereg voorbehou

AANSUIWERINGS

1. Die eienaar, Phindie Zwane, verhoog haar kapitaal met 15% op die laaste dag van die finansiële jaar. Die inskrywing is nog nie geboekstaaf nie.

2. 'n Lening word op 31 Maart 2018 aangegaan. Suiwer die rente op die lening aan.

3. 'n Fisiese voorraadopname op 30 September 2018 openbaar die volgende voorraad voorhande:

   - Handelsvoorraad R49 000
   - Verpakkingsmateriaal R600

4. 'n Debiteur, N. Koekemoer, word insolvent verklaar. Sy skuld Phindies Dance Academy R2 600, waarvan 20% uit haar boedel ontvang word. Die oorblywende bedrag moet as oninbaar afgeskryf word. GEEN inskrywings is betreffende hierdie transaksies gemaak nie.

5. Suiwer die voorsiening vir slegte skuld tot 6% van debiteure aan. Rond jou antwoord af tot die naaste rand.

6. Weens die groeiende vraag na die dansakademie stel Phindie 'n nuwe dansinstrukteur, Ziya Mthethwa, op 1 September 2018 aan. Sy betaal SCD Professional Dance School R4 000 per dag om hom op te lei. Die opleiding strek oor altesame vyf dae.

7. Daar word R300 per dag aan Phindies Dance Academy terugbetaal vir die vyf dae waartydens Ziya Mthethwa opgelei is, aangesien die ander dansskool nie etes aan hom voorsien het soos aanvanklik ooreengekom is nie.

8. Daar word soos volg vir waardevermindering op die voertuie en toerusting voorsiening gemaak. (Rond die antwoord tot die naaste heelgetal af.)

   8.1 Voertuie teen 12% per jaar volgens die verminderendesaldo-metode

   8.2 Toerusting teen 10% per jaar volgens die reguitlynmetode. Bring die nuwe toerusting in berekening wat op 1 September 2018 vir R8 000 aangekoop is. Hierdie inskrywing is nog nie in die onderneming se boeke geboekstaaf nie.

9. 'n Tjek van R2 500 vir skoonmaakdienste is foutiewelik na die reklamerekening oorgeboek. Stel die fout reg.

10. Ziya Mthethwa se salaris vir September 2018 is nog nie betaal nie omdat daar probleme met sy bankrekening is. Hy verdien R2 500 per week. Daar is vier weke in September.

VERLANG

Boekstaaf die aansuiwerings in Phindies Dance Academy se algemene joernaal op 30 September 2018. Dit is nie nodig om beskrywings te verskaf nie. Rond jou antwoorde tot die naaste rand af. **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende ná-aansuiweringsproefbalans verskyn in Sunrise Fruiterers se boeke op 30 Junie 2018, die laaste dag van sy finansiële jaar.

SUNRISE FRUITERERS SE NÁ-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 JUNIE 2018

	FOL	DEBITEER		KREDITEER	
Balansstaatrekeninge-afdeling		R		R	
Kapitaal (1 Julie 2017)	B1			220 000	00
Onttrekkings	B2	18 700	00		
Grond en geboue	B3	100 000	00		
Motorvoertuie	B4	168 700	00		
Opgehoopte waardevermindering op motorvoertuie	B5			45 600	00
Vaste deposito: Lala Bank (9%)	B6	69 800	00		
Handelsvoorraad	B7	42 000	00		
Bank	B8	36 500	00		
Los kontant	B9	500	00		
Debiteurekontrole	B10	26 980	00		
Opgelope inkomste	B11	4 650	00		
Voorafbetaalde uitgawe	B12	2 690	00		
Krediteurekontrole	B13			59 808	00
Inkomste vooruit ontvang (kommissie ontvang)	B14			6 905	00
Opgelope uitgawe	B15			14 050	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			345 253	00
Koste van verkope	N2	123 900	00		
Debiteurekortings	N3	4 000	00		
Rekenmeestersgelde	N4	18 900	00		
Slegte skuld	N5	3 650	00		
Kommissie ontvang	N6			42 500	00
Rekenaaruitgawes	N7	9 605	00		
Waardevermindering	N8	18 650	00		
Elektrisiteit en water	N9	26 590	00		
Rente op vaste deposito	N10			16 001	00
Regskoste	N11	11 250	00		
Verpakkingsmateriaal	N12	6 390	00		
Handelsvoorraadtekort	N13	440	00		
Lone	N14	56 222	00		
		750 117	00	750 117	00

VERLANG

Maak die volgende rekeninge in Sunrise Fruiterers se algemene grootboek oop en boek die sluitingsoordragte na hierdie rekeninge oor. Balanseer/sluit AL hierdie rekening soos op 30 Junie 2018 af.

4.1	Kapitaal	(4)
4.2	Koste van verkope	(2)
4.3	Kommissie ontvang	(4)
4.4	Handelsrekening	(5)
4.5	Wins-en-verlies-rekening	(15)
		[30]

VRAAG 5

Stel die volgende op met behulp van die volgende inligting uit Ice Cream Parlour se boeke op 31 Desember 2018, die einde van sy finansiële jaar:

5.1	Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2018	(26)
5.2	Die balansstaat soos op 31 Desember 2018 (Toon SLEGS die aantekeninge wat verlang word in die ANTWOORDBOEK.) **LET WEL:** Waar toepaslik, toon ALLE berekeninge tussen hakies. Rond AL jou antwoorde af tot die naaste heelgetal.	(24)

AANSUIWERINGS

1. 'n Fisiese voorraadopname op 31 Desember 2018 openbaar die volgende voorraad voorhande:

   - Handelsvoorraad R56 000
   - Drukwerk en skryfbehoeftes R299

2. Skryf Parson Mathabane se skuld van R300 as oninbaar af.

3. Skep 'n voorsiening vir slegte skuld teen 5% van debiteure.

4. Daar word soos volg vir waardevermindering op toerusting en voertuie voorsiening gemaak:

   - Toerusting teen 10% per jaar volgens die kosprysmetode.
   - Voertuie teen 13% per jaar volgens die verminderendesaldo-metode

5. Suiwer die rente op die vaste deposito aan. 'n Bykomende deposito van R25 000 word op 30 Junie 2018 gemaak. Hierdie inskrywing is reeds in die boeke geboekstaaf.

Kopiereg voorbehou

6. Daar is tot en met 31 Januarie 2019 huurgeld ontvang. Daar was 'n jaarlikse verhoging van 10% per maand op huurgeld vanaf 1 Desember. Die maandelikse huurgeld, voor die verhoging, was R4 000.

7. 'n Kontrakteur word betaal vir herstelwerk aan masjinerie tot en met 31 Januarie 2019.

ICE CREAM PARLOUR SE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 DESEMBER 2018

	FOL	DEBITEER		KREDITEER	
Balansstaatrekeninge-afdeling		R		R	
Kapitaal (1 Januarie 2018)	B1			200 000	00
Onttrekkings	B2	25 000	00		
Grond en geboue	B3	150 000	00		
Voertuie	B4	105 000	00		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B5			36 000	00
Toerusting	B6	56 080	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B7			13 048	00
Vaste deposito: Minnie Bank (10%)	B8	125 000	00		
Handelsvoorraad	B9	56 904	00		
Bank	B10			26 050	00
Kleinkas	B11	450	00		
Los kontant	B12	500	00		
Debiteurekontrole	B13	45 805	00		
Krediteurekontrole	B13			46 968	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			606 190	00
Koste van verkope	N2	236 988	00		
Debiteurekortings	N3	6 988	00		
Slegte skuld	N4	2 366	00		
Rekenaaruitgawes	N5	6 540	00		
Versekering	N6	13 555	00		
Rente op vaste deposito	N7			8 555	00
Posgeld	N8	986	00		
Drukwerk en skryfbehoeftes	N9	1 999	00		
Eiendomsbelasting en diensgelde	N10	15 488	00		
Grondbelasting	N11	66 000	00		
Huurgeld ontvang	N12			52 800	00
Herstelwerk aan masjinerie	N13	3 900	00		
Salarisse en lone	N14	45 697	00		
Telefoon	N15	6 477	00		
Water en elektrisiteit	N16	17 888	00		
		989 611	00	989 611	00

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Ontleed die transaksies uit NTN Cellular se boeke soos op 30 November 2018, die laaste dag van die finansiële jaar.

Toon die rekening in die algemene grootboek wat gedebiteer en die rekening in die algemene grootboek wat gekrediteer moet word. Toon die uitwerking op die elemente van die rekeningkundige vergelyking. Dui 'n toename met +, 'n afname met – en geen uitwerking met 0 aan.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te ontleed.

VOORBEELD: *Betaal Telkom per tjek vir die telefoon, R1 356.*

Nommer	ALGEMENE GROOTBOEK		UITWERKING OP DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING		
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste
Voorbeeld	*Telefoon*	*Bank*	*–1 356*	*–1 356*	*0*

VERLANG

6.1 Die onderneming koop VYF selfone (inventaris) vir R4 000 elk op krediet by Cellular World aan. (4)

6.2 Die eienaar neem 'n Samsung S8 (voorraad) vir sy persoonlike gebruik. Die verkoopsprys daarvan is R7 500 (en die kosprys is R4 400). (4)

6.3 Huurgeld van R5 000 wat ontvang is, word verkeerdelik as huuruitgawes geboekstaaf en as sodanig na die algemene grootboek oorgeboek.

6.3.1 Stel bogenoemde fout reg.

6.3.2 Boekstaaf die huurgeld ontvang op die regte manier.

(2 × 4) (8)

6.4 Kommissie ontvang van R3 500 is verkeerdelik na die huurgeldontvang-rekening oorgeboek. Stel hierdie fout reg. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou